Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 17 FEBRUARIE 2010 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdl T van Essen (voorsitter)
Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl J H Cleophas
Rdl M S I Goliath
Ander raadslede:
Speaker, rdl A Johnson
Rdl R J du Plooy
Rdl N J A Rust
Rdl A C Sedeman
Rdl W Wilskut

Beamptes:
Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Administratiewe Beampte: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl J H Cleophas open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU 20 JANUARIE 2010

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 20 Januarie 2010 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU 25 JANUARIE 2010

BESLUIT/...

4.2/...

BESLUIT

Dat die notule van ‘n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 25 Januarie 2010 goedgekeur en deur die Burgemeesters onderteken word, onderhewig aan die volgende regstelling –

(1) ITEM 3.2: VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK VAN GEDEELTE 5 VAN PLAAS RONDEVLEI NO 583, AFDELING MALMESBURY (5/3/1-15) (WYK 4)

C5 DEPARTEMENT VAN WATERWESE EN BOSBOU

(a) dat skriftelike bevestiging van ‘n ooreenkoms met Munisipaliteit Swartland vir die verwydering van huishoudelike vullis aan die Departement van Waterwese en Bosbou voorsien moet word;

(b) dat ‘n afskrif van die kontrak vir die versameling en verwydering van dooie voëls na ‘n goedgekeurde perseel aan die Departement van Waterwese en Bosbou voorsien moet word;

(c) dat ‘n afskrif van die kontrak vir die versameling en verwydering van mis aan die Departement van Waterwese en Bosbou voorsien moet word;

(d) dat die afvalwater-verdampingsdam deur die Departement van Waterwese en Bosbou goedgekeur en geregistreer word;

(e) dat ‘n watergebruik-aansoek by die Departement van Waterwese en Bosbou gedoen word;

4.3 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 10 FEBRUARIE 2010
[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 10 FEBRUARIE 2010

5.1.1 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN ‘N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU 20 JANUARIE 2010

(1) ITEM 6.8: VOORGESTELDE AFWYKING OP ERF 3883, DARLING (15/3/4-3) (WYK 4)

‘n Aansoek is/...

6.1/...

'n Aansoek is ontvang vir 'n afwyking op erf 3883 (groot 160m²) geleë te Sonneblomstraat, Darling ten einde 'n huiswinkel vanuit 'n gedeelte (±5m²) van die woonhuis te bedryf.

Die aansoek is na die wykskomitee van Wyk 4 verwys en word –

BESLUIT [eenparig ondersteun deur die Wykskomitee van Wyk 4]

(a) Dat die aansoek vir 'n afwyking op erf 3883 (groot 160m²) geleë te Sonneblomstraat, Darling ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 ten einde 'n winkel vanuit 'n gedeelte (±5m²) van die woonhuis te bedryf, afgekeur word omrede:

(i) die perseel is geleë in 'n ontwikkeling met 7 formele sakepersele wat as genoegsaam beskou word en die vestiging van verdere sake aktiwiteite in die area word dus nie geregverdig nie;

(b) Dat in beginsel besluit word dat geen huiswinkels in die nuwe Darling laekoste behuisingsprojek, asook in toekomstige nuwe behuisingsprojekte toegelaat sal word nie;

(c) Dat voortgegaan word om die sakepersele in Darling laekoste behuisingsprojek (erwe 4005, 4205, 4230, 4254, 4279, 4051 en 4050), asook erf 2660 (vorige Darling lae koste behuisingsprojek) vir ontwikkeling beskikbaar te stel.

7. NUWE SAKE

7.1 VUL VAN VAKATURE OP UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (3/2/2)

[Rdl R J du Plooy verlaat die lokaal vir die duur van die bespreking van hierdie item.]

'n Brief is ontvang vanaf die Uitvoerende Burgemeester waarin hy sy magte in terme van artikel 60(1) van die Strukturewet, 1998 uitoefen deur die aanwysing van rdl R J du Plooy op die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van rdl Roelof Johannes du Plooy se aanwysing as voltydse burgemeesterskomiteelid met ingang vanaf 1 Februarie 2010 en die verantwoordelikhede wat hy uit hoofde van sy amp toegewys is.

7.2 ALGEMENE JAARVERGADERING: KAAPSE GEMEENSKAPLIKE PENSIOENFONDS (11/1/2/5)

Die twintigste Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds word gehou op 21 Mei 2010 te Bellville.

In terme van die reëls van die fonds kwalifiseer Munisipaliteit Swartland om een lid en een raadslid af te vaardig om die vergadering by te woon.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat mnr A M Zaayman (as sekunde, mnr G J Goosen) genomineer is om die lede te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Gemeenskapslike Pensioenfonds op 21 Mei 2010;

(b) Dat raadsheer A Johnson (as sekunde, rdl J H Cleophas) genomineer word om die Raad by die vergadering te verteenwoordig.

7.3 (1) UITRUILSTUDENT VIR PRAKTIESE OPLEIDING TE KIEZ KAMPUS, DUITSLAND 2010; (2) VOLTOOIING VAN 1 JAAR DIENS IN DUITSLAND DEUR SA STUDENT, J MELENEPHY; (3) SONDEZA KAMP: GOEDKEURING VAN DATUM, 3-12 DESEMBER 2010 EN ABSA STUDIEBEURS (17/2/2/1)

'n Volledige verslag is voorgelê insake die werwing van 'n Suid-Afrikaanse uitruilstudent om in 2010 praktiese opleiding by die Kiez Kampus in Duitsland te deurloop as deel van die samewerkingsooreenkoms met Sachsen-Anhalt.

Die verslag bevat verder terugvoering deur me J Melenephy van haar ervaring in Duitsland as uitruilstudent in 2009 na die Kiez Kampus.
Die Uitvoerende Burgemeester beklemtoon dat uit voormelde is dit duidelik dat die Munisipaliteit moet voortgaan met hierdie inisiatief, aangesien die uitkomste van die projek merkbaar is in die persone wat die geleentheid kry om daarvan deel te wees.

Verder word verslag gedoen aangaande die datums vir die Sondeza-kamp wat gehou sal word vanaf 3 tot 12 Desember 2010.

BESLUIT

A **<u>Uitruilstudent vir praktiese opleiding te Kiez Kampus, Duitsland 2010</u>**

(a) dat me T Beck as uitruilstudent na Duitsland gestuur word;

(b) dat kennis geneem word dat haar vlugkaartjie van R10 645,00 reeds aangekoop is;

(c) dat 'n klousule in haar kontrak met Duitsland ingevoeg word dat sy toegelaat word om Duitse-klasse en kursusse in Toerisme by te woon;

(d) dat sy by die Toerismekantoor sal werk as student teen R75,00 vergoeding per dag tot haar vertrek na Duitsland;

B **<u>Voltooiing van 1 jaar diens in Duitsland deur SA student, J Melenephy</u>**

(a) dat 'n dienskontrak opgestel word vir me J Melenephy vir die termyn 1/1/10 tot 31/12/10 en dat sy op posvlak 14, naamlik R53 592,00 (R52 404,00 + R1 188,00) per jaar vergoed word;

(b) dat sy gedurende voormelde termyn by die Internasionale Skakelkantoor sal werk;

C **<u>Sondeza Kamp 2010:</u>**

(a) dat die kamp sal plaasvind op 3 tot 12 Desember 2010 en dat voormelde datum met Departement Onderwys uitgeklaar word;

(b) dat die kampterrein alreeds bespreek is by Ganzekraal en die nodige aansoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit vir die gebruik van hul geriewe gerig sal word;

(c) dat kennis geneem word van die Absa/Sondeza studiebeurs;

D **<u>Finansiering</u>**

(a) dat die verwagte uitgawe soos uiteengesit in paragraaf 2 van die verslag, naamlik R39 080,00 teen posnommer 05-08-52-00-1532 (Eksterne Betrekkinge) toegewys word. Op datum is R21 959,59 van voormelde pos se begroting nog beskikbaar. Die tekort van R17 120,41 sal finansier word deur veriment toe te pas uit die bedryfsbegroting van Korporatiewe Dienste;

(b) dat met die/...

7.3/...

(b) dat met die Eurokamp wat weer in Julie 2010 in Duitsland plaasvind, die Raad goedkeuring verleen soos in die verlede vir die verskaffing van munisipale oorpakke aan die 10 leerlinge van Swartland wat die kamp bywoon en dit teen posnommer 05 30 52 00 3740 (Afri-Jeugkamp) verreken word. Op datum is R22 673,73 nog beskikbaar op die pos.

7.4 HERSIENING VAN VERSKEIE PERSONEELBELEIDE (4/1/1/B)

SALGA het gedurende 2008 'n stel konsepbeleide beskikbaar gestel en munisipaliteite versoek om as basis te gebruik in die hersiening van beleide.

'n Aantal personeelbeleide is gedurende 2009 hersien en na etlike geleenthede vir vakbonde en belangegroepe om insette te lewer, is 'n werkwinkel op 4 Desember 2009 aangebied om die finale beleide met inagneming van alle insette en voorgestelde wysigings met belangegroepe te bespreek.

BESLUIT

(a) Dat daar met kommer kennis geneem word van SAMWU se onbetrokkenheid by die proses;

(b) Dat, met verwysing na voormelde en SAMWU se onvermoë om teen die sperdatums wat telkens aangepas is kommentaar op die voorgestelde beleide te lewer, die Uitvoerende Burgemeesterskomitee versoek dat daar by 'n sperdatum gehou word om vertraging in die goedkeuring van beleide en ander sake te voorkom;

(c) Dat die volgende beleide soos met die sakelys gesirkuleer met ingang van 1 Maart 2010 goedgekeur word:
(i) gewysigde Aanstellingsbeleid;
(ii) gewysigde Rookbeleid;
(iii) gewysigde Studiebeursbeleid;
(iv) Beleid insake Seksuele Teistering.

7.5 DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE: AANGAAN VAN FINANSIËLE TRANSAKSIES (2/5/2)

Die verlening van volmagte aan amptenare om namens die Raad finansiële transaksies aan te gaan is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat die delegasie aan beamptes betreffende die aangaan van finansiële transaksies, soos vervat in die aanhangsels tot die sakelys, goedgekeur word en alle vorige besluite in hierdie verband herroep word;

(b) Dat afskrifte van die delegasies op die betrokke personeellede se persoonlike lêers geplaas word.

7.6 KANTOORAKKOMMODASIE: MOORREESBURG SPORTFORUM (12/1/7) (WYKE 1 EN 2)

Die Moorreesburg Sportforum het reeds in 2009 aansoek gedoen vir die beskikbaarstelling van kantoorakkommodasie.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die skole op Moorreesburg nie oor hulle eie sportfasiliteite beskik nie. Die druk op die munisipale sportgronde om skole, sowel as ander sportklubs te akkommodeer is dus baie hoog. Behalwe vir die hoë uitgawes wat hiermee gepaardgaan, het dit tot gevolg dat mannekrag uit die siviele departement deurlopend beskikbaar gestel moet word om sportvelde te onderhou en word die ander dissiplines van die departement vernalatig.

'n Gesprek in hierdie verband vind op Donderdag, 18 Februarie 2010 met die Moorreesburg Sportforum plaas en daarom word –

7.6/...

BESLUIT

Dat die aangeleentheid oorstaan ten einde geleentheid vir verdere gesprekvoering te gee.

7.7 AANKOOP VAN GEDEELTE VAN ERF 123, YZERFONTEIN (12/2/1-14/1) (WYK 5)

Die Munisipaliteit benodig 'n gedeelte (groot 46m²) van erf 123, Yzerfontein om 'n sypaadjie op die betrokke gedeelte te skep. Die Munisipale Bestuurder wys daarop dat 'n gedeelte van die erf reeds deur die munisipale pad oorskry word.

Die Uitvoerende Burgmeesterskomitee het op 11 November 2009 goedkeuring verleen dat die gedeelte (groot 46m²) aangekoop word vir voormelde doeleindes en dat 'n markverwante vergoeding met die eienaar onderhandel word.

BESLUIT

Dat die betrokke gedeelte van erf 123, groot 46m² teen R705,52/m², met ander woorde R32 453,92 in totaal aangekoop word en dat Munisipaliteit Swartland na ondertekening van die koopooreenkoms voortgaan om die betrokke gedeelte in hul naam in die aktekantoor te registreer en dat alle kostes vir Munisipaliteit Swartland se rekening sal wees.

7.8 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: *CONTAINER*-BIBLIOTEEK, CHATSWORTH (17/8/B) (WYK 7)

Die Wes-Kaapse Biblioteekdiens het R145 000,00 bewillig in die 2009/2010 finansiële jaar om 'n container-biblioteek in Chatsworth op te rig en is daar uit besparings 'n verdere R80 000,00 vir die projek beskikbaar gestel.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste doen volledig verslag in 'n memoraondum tot die sakelys waarom daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word betreffende sekere werke by die biblioteek in Chatsworth.

BESLUIT

(a) Dat kondonering verleen word vir afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures betreffende die aanbring van twee lugreëlaars asook 'n dak bo-oor die container-biblioteek in Chatsworth deur *Spazatainer*, welke werke 'n bedrag van R43 000,00 (BTW uitgesluit) bedra, vir die redes soos aangetoon in die Direkteur: Korporatiewe Dienste se memorandum van 10 Februarie 2010 soos met die sakelys gesirkuleer;

(b) Dat die Hoof: Finansiële State en Beheer, mnr C Gerber, in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om die gemelde redes as nota by die 2009/2010 Finansiële State in te sluit wanneer die betrokke state opgestel word.

7.9 VERBETERINGS AAN HUURPERSEEL, ERF 604, ABBOTSDALE (12/1/3/1-1/1) (WYK 7)

Die Raad verhuur 'n gebou op erf 604, Abbotsdale aan die ACVV en is daar op 21 April 2009 goedkeuring verleen vir die oprigting van 'n 6m x 5m "wendy-huis" met 'n afdak op die huurperseel, onderhewig daaraan dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorgelê word.

Die ACVV is egter van voorneme om 'n permanente struktuur op te rig vanwaar opvoedkundige funksies verrig kan word en word die verbeterings as sulks op die bouplanaansoek aangetoon.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring aan die ACVV verleen word om permanente verbeterings op die huurperseel, erf 604, Abbotsdale aan te bring soos per die goedgekeurde bouplan;

7.9/...

(b) Dat die aansoek om afwyking ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 ten einde af te wyk van die 10m boulyne na 2,7m (Roosmarynstraat) en 7,6m (Langstraat) onderskeidelik goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaarde:

(i) dat die skriftelike toestemming van aangrensende/ omliggende geregistreerde eienaars van erwe 605, 686, 687, 688, 515, 513, 512 en 511 verkry word alvorens die bouplanaansoek goedgekeur kan word;

(c) Dat die huurder kwytgeskeld word van die betaling van bouplanfooie ten opsigte van verbeterings op munisipale eiendom.

7.10 AANSOEK OM AANBRING VAN RADIO ALARM HERHALER: *MALMESBURY SECURITY SERVICES* (12/2/4-8/4) (WYK 8)

'n Aansoek is ontvang vanaf *Malmesbury Security Services* (MSS) vir die installering van 'n Radio Alarm Herhaler op die Klipkoppie om hul dienste uit te brei na die landelike area waar die aanvraag vir sekuriteitstelsels toegeneem het.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat *Malmesbury Security Services* toegelaat word om 'n Radio Alarm Herhaler op die mas van *Westcoast Access* te "Klipkoppie", Malmesbury aan te bring;

(b) Dat *Malmesbury Security Services* 'n bedrag van R100,00 plus BTW per maand aan die Munisipaliteit betaal vir die vergunning aldus verleen.

7.11 WYSIGING VAN VEREISTES VIR REGISTRASIE AS DEERNISHUISHOUDING (5/6/1/B)

Ingevolge klousule 20(2) van die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid kan 'n huishouding slegs as 'n deernishouding registreer as die hoof van die huishouding en sy/haar gesin self die perseel bewoon waarop die aansoek betrekking het.

Plaaswerkers en persone woonagtig in informele nedersetting waar Eskom die elektrisiteit voorsiening is, kan dus nie aansoek doen om gratis basiese elektrisiteit nie omrede hulle nie geregistreerde verbruikers van die Munisipaliteit is nie.

BESLUIT

(a) Dat paragraaf 20(2) van die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid as volg gewysig word –

"dat die hoof van die huishouding en sy/haar gesin self die perseel moet bewoon waarop die aansoek betrekking het, of dat bewys gelewer moet word dat die persoonlike besonderhede van die hoof van die huishouding waarop die aansoek betrekking het op die amptelike behuisingswaglys van Munisipaliteit Swartland verskyn.";

(b) Dat opdrag aan die Direkteur: Finansiële Dienste gegee word om die volledige lys van Equitable Share-gebruikers (deernishuishoudings) aan raadslede te sirkuleer en maandeliks nuwe aansoeke, indien enige as deel van die maandverslag onder raadslede se aandag te bring.

7.12 AFSKRYWING VAN SLEGTE SKULD: GEWONE DEBITEURE, DESEMBER 2009: R173 802,95 (5/7/1/1)

'n Skedule van skulde wat oninvorderbaar is, is met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gewerkwinkel en word voorgelê vir afskrywing.

BESLUIT/...

7.12/...

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R173 802,95 soos per die aangehegte skedule afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat ‘n gedeelte van die skuld of die totale skuld van ‘n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(c) Dat, indien ‘n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is ‘n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

(d) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(e) Dat, met verwysing na voormelde die werklike bedrag afgeskryf vir kennisname aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê sal word;

(f) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word.

7.13 AFSKRYWING VAN SLEGTE SKULD: DEERNISHUISHOUDING, DESEMBER 2009: R251 650,03 (5/7/1/1)

‘n Skedule van verbruikers wat Equitable Share van die Raad ontvang, maar steeds gelde verskuldig is wat nie na stappe deur die Kredietbeheerafdeling ingevorder kon word nie, is met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gewerkwinkel en word hiermee met die sakelys voorgelê vir afskrywing.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R251 650,03 soos per die aangehegte skedule afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat ‘n gedeelte van die skuld of die totale skuld van ‘n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(c) Dat, indien ‘n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is ‘n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

7.13/...

(d) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(e) Dat, met verwysing na voormelde die werklike bedrag afgeskryf vir kennisname aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê sal word;

(f) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;

(g) Dat die Kredietbeheerafdeling persoonlike besoeke aan elke Equitable Share-huishouding bring ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van "verantwoordelike verbruikers" aan hulle duidelik te maak, veral betreffende oormaat water;

(h) Dat kennis geneem word van die versoek van die Direkteur: Finansiële Dienste dat die loodgietersdiens wat tans aan Equitable Share-huishoudings gelewer word deur die Bestuurspan hersien moet word, aangesien daar verwag word dat gebreke herhaaldelik herstel moet word sonder om enige verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

7.14 UITSTAANDE DEBITEURE, JANUARIE 2010 (5/7/1/1)

Die skedules wat die stand van uitstaande debiteure tot en met einde Januarie 2010 aantoon, is met die sakelys gesirkuleer en word deur die Direkteur: Finansiële Dienste behandel.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure tot en met Januarie 2010.

7.15 AANSOEK OM AFSKRYWING VAN RENTE: SWARTLAND BOUDIENSTE, REKENING 330041150112: BEDRAG – R3 579,90 (5/8/1)

'n Skrywe is ontvang vanaf Swartland Boudienste waarin versoek word dat die heffing van rente weens die laat betaling van hul munisipale rekening van 31 Oktober 2009 afgeskryf word.

BESLUIT

Dat, alhoewel die heffing van rente 'n statutêre vereiste is op laat betalings, die aansoek van Swartland Boudienste om rente ten bedrae van R3 579,90 terug te skryf, toegestaan word op grond daarvan dat daar geen rekord van vorige laat of wanbetalings is nie en dat Swartland Boudienste een van die Raad se grootste kliënte is.

7.16 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge artikel 10(6) van die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.17 VOORGESTELDE HERSONERING/...

7.17 VOORGESTELDE HERSONERING, ONDERVERDELING EN VERSLAPPING VAN ERF 405, MOORREESBURG (15/3/3-9, 15/3/6-9, 15/3/4-9) (WYK 2)

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van erf 405 (groot 2606m²) geleë te Ebeneserstraat, Moorreesburg vanaf algemene residensiële sone na enkel residensiële sone.

Die aansoek sluit verder 'n versoek in tot onderverdeling van erf 405 in 'n restant (±1707m²) en gedeelte 1 (±905m²) om die twee woonhuise wat tans op die erf geleë is van aparte titel te voorsien.

Aansoek word ook gedoen vir die verslapping van die 3m syboulyn na 0m op die westelike grens.

BESLUIT

A Dat die aansoek om hersonering van erf 405, (groot 2606m²) geleë te Ebeneserstraat, Moorreesburg vanaf algemene residensiële sone na enkel residensiële sone ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;

B Dat die aansoek om onderverdeling van erf 405, Moorreesburg in 'n restant (±1701m²) en gedeelte 1 (±905m²) ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

B1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die posisies van alle bestaande strukture op die betrokke erwe vir oorweging voorsien word aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste ten einde kommentaar uit 'n boubeheer oogpunt te lewer, byvoorbeeld ten opsigte van brandregulasies;

B2 WATER

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing.

B3 RIOOL

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte rioolaansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing.

B4 ELEKTRISITEIT

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike elektriese aansluiting op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word. Hierdie voorwaarde is op uitklaringstadium van toepassing;

(b) dat die kostes verbonde aan die verskuiwings van enige elektriese kabels oor die betrokke onderverdeelde gedeelte vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;

(c) dat enige elektriese tussenverbinding geïsoleer en ten volle verwyder sal word;

(d) dat die elektrisiteitaansluiting aan bestaande laagspanningsnetwerk gekoppel sal word;

(e) dat addisioneel tot bogenoemde, die ontwikkelaar/eienaar moet betaal vir die elektrisiteit aansluitings aan onderverdeelde gedeeltes;

(f) dat die onderverdeelde gedeelte van erf 405 van 'n 60A enkelfase huisaansluiting voorsien word vanuit Ebeneserstraat. Die ontwikkelaar sal egter ekstra kabel moet by koop aangesien die aansluitingskabel die standaard 30 meter sal oorskry. Hierdie voorwaardes sal moet geskied alvorens uitklaring gegee kan word.

7.17/...

B5 VULLISVERWYDERING

(a) dat ‘n basiese vullisverwyderingstarief gehef word vir elke beboude perseel en dat vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op die oggend van verwydering;

B6 ALGEMEEN

(a) dat alle bestaande huishoudelike loodgieterswerk wat die twee erwe aan mekaar koppel verwyder word sodat daar nie pypwerk is wat tussen die onderverdeelde gedeeltes gedeel word nie en dat elke erf se pypwerk en aansluitings dan op daardie betrokke erf geleë is;

(b) dat indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste uit te brei ten einde die onderverdeelde gedeeltes van diensaansluitings te kan voorsien dit vir die koste van die aansoeker sal wees;

(c) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van die onderverdeelde gedeelte magtig nie uitgereik sal word alvorens daar aan alle voorwaardes voldoen is nie;

C Dat die aansoek vir die verslapping van die 3m syboulyn na 0m (westelike grens) op erf 405, Moorreesburg ingevolge die Soneringskemargulasies goedgekeur word en dat die detail op bouplanstadium gefinaliseer sal word.

7.18 VOORGESTELDE HERSONERING MET AFWYKING VAN ERF 2049, RIEBEEK KASTEEL (15/3/3-11, 15/3/4-11) (WYK 3)

‘n Aansoek is ontvang vir die hersonering van erf 2049 (groot 676m²) geleë op die h/v Hoof- en Royalstraat, Riebeek Kasteel vanaf residensiële sone I na sake sone I ten einde winkels en ‘n kantoor op te rig.

Die aansoek sluit die versoek in om af te wyk van die voorsiening van op perseel parkeerplekke vanaf 12 na 10 parkeerplekke.

BESLUIT

A Dat die hersonering van erf 2049 (groot 676m²) geleë op die h/v Hoof- en Royalstraat, Riebeek Kasteel ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf residensiële sone I na sake sone I goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING/BOUBEHEER

(a) dat winkels en kantore ooreenkomstig die nuwe sonering toegelaat word;

(b) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

(c) dat die voorgestelde bouwerke die karakter van Riebeek Kasteel komplimenteer;

(d) dat minstens 10 op perseel parkeerruimtes wat duidelik gemerk is vir kliënte voorsien word ooreenkomstig paragraaf A4(a);

(e) dat die parkeerareas sodanig ontwerp word dat dit prakties uitvoerbaar is;

(f) dat die eienaar/ontwikkelaar ‘n finansiële bydrae van R16 227,75 in totaal vir die nie-voorsiening van 2 op perseel parkeerplekke aan Munisipaliteit Swartland maak en is genoemde finansiële bydrae betaalbaar alvorens die bouplanne goedgekeur word;

A2 WATER

(a) dat slegs ‘n enkele wateraansluiting van nie groter as 22mm tot die erf voorsien word;

7.18/...

A3 RIOOL

(a) dat slegs ‘n enkele rioolaansluiting tot die erf voorsien word;

A4 STRATE EN STORMWATER

(a) dat die voorgestelde parkeerarea tesame met die sypaadjies wat toegang verleen tot die parkeerareas van ‘n permanente stofvrye oppervlak, van hetsy teer, beton of plaveisel of ‘n materiaal vooraf goedgekeur deur hierdie munisipaliteit, voorsien word en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;

(b) dat stormwater afloop vanaf die parkeerarea na die naaste geskikte munisipale versamelpunt gevoer word;

A5 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;

(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

A6 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke besigheid gehef word en dat die tarief aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

(b) dat ‘n sentrale vullisarea voorsien word wat beskik oor skoon lopende water en vuilwaterafvoerput wat gekoppel is aan die rioolstelsel. Die vullisarea moet maklik toeganklik wees vir vullisverwyderingswerkers en ‘n 30 ton vullisvragmotor, maar ontoeganklik vir ongewenste diere en elemente;

A7 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

(a) dat ingevolge artikel 17 van Ordonnansie 19 van 1976, is die statutêre 5m boulyn van toepassing langs Hoofpad 227;

(b) dat hierdie goedkeuring slegs betrekking het op die voorgelegde aansoek en behels nie vrystelling van enige ander wetlike voorskrifte nie;

(c) dat hierdie goedkeuring verval indien nie daarop gehandel word binne ‘n tydperk van 24 maande na 14 Desember 2009 nie;

A8 ALGEMEEN

(a) dat indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste uit te brei ten einde die voorgestelde ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;

(b) dat die eienaar/applikant Munisipaliteit Swartland skriftelik in kennis stel wanneer aan alle voorwaardes voldoen is;

B Dat die afwyking ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 ten einde af te wyk van die vereiste op perseel parkeerplekke (12 parkeerplekke) deur slegs 10 parkeerplekke te voorsien goedgekeur word.

7.19 VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKINGS: ERWE 19, 20 & 1766, MALMESBURY (15/3/3-8, 15/3/4-8, 15/3/5-8, 15/3/6-8, 15/3/7-8) (WYK 10)

Die aansoek het reeds voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 16 September 2009 gedien ten einde erf 19 (groot 800m²), erf 20 (groot 7534m²) en erf 1766 (groot 5914m²) geleë te Wistariastraat, Malmesbury vir sosiale behuising en bekostigbare behuising te ontwikkeling.

7.19/...

Die titelakte nommer is, onder andere verkeerdelik aangedui en dien hierdie as 'n regstelling van die besluit geneem op 16 September 2009.

BESLUIT

Dat die voorwaardes (a) en (b) van die Raadsbesluit gedateer 16 September 2009 rakende die opheffing van beperkings op erwe 19, 20, 1766, Malmesbury soos volg wysig word:

(a) ...die beperkende voorwaardes C.4.(a), C.4.(b), C.4.(c).(1), C.4.(c).(2).(i), C.4.(c).(2).(ii), C.4.(d) en C.4.(e) soos vervat in die titelakte **T9583/2008** by die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning vir opheffing aanbeveel word;

(b) dat die beperkende voorwaardes D.(i).(a), D.(i).(b), D.(ii), D.(iii), D.(iv), D.(v).(a), D.(v).(b), D.(v).(c), D.(vi), D.(vii), D.(viii), D.(ix), D.(x) en D.(xi) soos vervat in die titelakte **T9583/2008** deur Munisipaliteit Swartland opgehef word.

7.20 BOU VAN HOOFPAD 25 (PIET RETIEFSTRAAT): FINANSIËLE BYDRAE (16/5/3/2)

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke is van voorneme om met die opgradering van Hoofpad 25 (Piet Retiefstraat) in 2010 te begin.

'n Gedeelte van die pad (800m) val binne die dorpsgebied en is Munisipaliteit Swartland verantwoordelik vir 'n 20% bydrae tot die opgradering van hierdie gedeelte. 'n Volledige uiteensetting van die uitgawes is deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste in die verslag voorsien.

BESLUIT

(a) Dat die bedrae van R3 100 000,00 en R830 000,00 onderskeidelik op die 2010/2011 en 2011/2012 begrotings vir die bou van Hoofpad 25 as prioriteit geplaas word;

(b) Dat die Departement van Vervoer en Openbare Werke skriftelik in kennis gestel word dat Munisipaliteit Swartland die finansiële verantwoordelikheid aanvaar vir die kostes verbonde aan die betrokke gedeelte pad soos uiteengesit onder punt 3 van die verslag.

7.21 VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING (6/1/3)

Die Batebestuursbeleid van die munisipaliteit bepaal dat uitgediende bates op 'n openbare veiling verkoop moet word. Die veiling word beplan vir 26 Februarie 2010.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word dat die uitgediende bates soos gemeld in die skedules tot die verslag per openbare veiling op 26 Februarie 2010 verkoop word.

7.22 WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES VAN DIE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN GEDEELTE VAN ERWE 317, 7455 EN 882, MALMESBURY (15/3/3-3, 15/3/6-3) (WYK 7)

Die aansoek vir die hersonering en onderverdeling van gedeelte van erwe 317, 7455 en 882, Malmesbury is op 9 Desember 2009 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur onderhewig aan sekere voorwaardes.

BESLUIT

Dat, as wysiging van voorwaarde (a) van die besluit gedateer 9 Desember 2009 goedkeuring verleen word in terme van die bepalings van artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir die hersonering van gedeeltes van erwe 317, 7455 en 882, Malmesbury soos aangedui op die onder-

7.22/...

verdelingsplan (gemerk Bylae "D" tot die verslag), vanaf landbousone na onderverdelingsgebied ten einde die volgende grondgebruike te vestig, naamlik:

- 266 enkelwoningsone erwe (totale oppervlakte van ±15,153ha);
- 2 algemene woonsone erwe (totale oppervlakte van ±4,21ha);
- 4 oopruimtes (totale oppervlakte van ±4,20ha);
- Strate (±4,5ha)..."

7.23 MUNISIPALE 'PLAYDAY', 19 MAART 2010

Die Munisipale Bestuurder noem dat ten einde voort te bou op die welvaart-vennootskap-inisiatief en om spangees tussen werknemers te bevorder, dit die voorneme is om weer 'n munisipale sportdag op 19 Maart 2010 aan te bied.

Die sportdag is baie positief ontvang deur alle werknemers en sal dit dieselfde formaat as verlede jaar aanneem.

Die Munisipale Bestuurder nooi alle raadslede hartlik uit om die verrigtinge by te woon.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die voorgenome sportdag op 19 Maart 2010 wat om 09:00 'n aanvang sal neem;

(b) Dat verder kennis geneem word dat sover moontlik, alle personeel betrek sal word, maar dat kritiese, essensiële dienspunte beman sal word ten einde volgehou dienslewering aan die publiek te verseker;

(c) Dat 'n uitnodiging aan elke raadslid gerig sal word om ook die verrigtinge by te woon;

(d) Dat kennis geneem word dat donateurs genader is om by te dra tot die sportdag, en dat uitgawes deur die Munisipaliteit aangegaan, beperk sal word tot 'n maksimum van R60 000,00 wat uit besparings in die bedryfsbegroting binne die Korporatiewe Dienste direktoraat gefinansier sal word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER